Vriend

Les 5:
vriend van skool/vriende
Friends stick to the end!

(Pre-tiener les Gr 4 - 6)

Skrifgedeelte: I Samuel 18 - 20

Doel: dat kinders deur die lewe van Dawid kan leer dat ware vriendskap staande bly, selfs in moeilike omstandighede.

Inleidingsaktiwiteit: Dinkskrum
Kinders sit om 'n tafel of in 'n kring. Hulle moet die eienskappe van 'n goeie vriend breinstorm.
Benodighede:
"Timer", papiertjies, potlode, wondergom

Verduideliking:
Gee papiertjies en 'n pen vir elke kind. Daarop gaan hulle eienskappe rakende vriendskap (volgens hulle mening) neerskryf in die volgende kategorieë:

- Eienskappe van 'n vriend (Watter eienskappe soek jy in 'n vriend?)
- Eienskappe van 'n vyand (Hoe tree 'n "vyand" teenoor jou op?)
- Eienskappe van 'n vriendskap wat opgebreek het (Hoe tree "opgebreekte vriende" teenoor mekaar op?)
- Eienskappe van 'n vriendskap wat hou (Hoe tree sulke vriende teenoor mekaar op?)
- Hoe maak mens vriende?

Noem 'n kategorie (van bg.). Die kinders moet dan soveel as moontlik eienskappe wat verband hou met die kategorie, in 60 sekondes kan neerskryf. Hulle moet elke eienskap op 'n ander papier neerskryf en in die middel neergooi. Met die neergooi, moet hy die eienskap uitroep. Dit duur vir 60 sekondes. Almal speel gelyk saam. Na die 60 sekondes gaan na die volgende kategorie totdat al die kategorieë gedoen is. Moenie bekommerd wees as dieselfde eienskappe keer op keer na vore kom nie.

Maak vooraf 'n groot plakkaat met Tjomma en Nie-Tjomma daarop geskryf. (Of gebruik 'n Witbord)
Die kinders vat nou die papiertjies met die eienskappe wat hul in die middel gegooi het en besluit saam watter eienskap pas by 'n "Tjomma" of 'n "Nie-Tjomma" . Die papiertjie word dan onder die passende kategorie op die muur vasgeplak met wondergom.

Inhoud: Vriendskap tussen Dawid en Jonatan
Stick to the story!
Skryf die teksverwysings aangaande die vriendskap van Dawid en Jonatan op "sticky notes". Die Teksgedeeltes moet opgebreek word in kleiner eenhede. Skryf elke teksverwysing op 'n "Sticky note". Plak die "sticky notes" teen die muur en die kinders kan kom kies watter "sticky note" hulle wil opsoek en hardop lees vir groep. Kinders kan twee-twee saamwerk. (Pre-tieners hou nie daarvan om alleen te werk nie!) Die groepleier sal dan vra wie het bv. I Samuel 18 vers 1-2?

Die leier lei die kinders dat die verhaal kronologies gelees word.

I Samuel 18:1-2	I Samuel 18:3-4
I Samuel 19:1-3	I Samuel 19:4-7
I Samuel 19:9-11	I Samuel 20:11-13
I Samuel 20:14-17	I Samuel 20:42

Gaan terug na Tjomma en Nie-Tjomma plakkaat
Gaan kyk watter van die eienskappe pas by Dawid en Jonatan se vriendskap.

vasplak vasleggingsaktiwiteit:

Maak vooraf nog 'n plakkaat (of skryf op 'n blaaibord) met die opskrif "10 maniere om 'n vriend te wees". Skryf die onderstaande 10 items neer sodat dit maklik leesbaar is. Bespreek dit elkeen kortliks met die kinders.

1. Luister na jou vriend
2. Vat jou vriend se kant
3. Maak seker julle doen goed wat beide van julle geniet om te doen - maak beurte indien nodig
4. Weet waarin jou vriend belangstel en stel jy ook daarin belang
5. As jy nie 'n afspraak met 'n vriend kan nakom nie, laat weet hom
6. Praat die waarheid
7. Wees eerlik met jou vriend as hy iets doen wat jou ontstel
8. Wees altyd gereed om te sê jy is jammer
9. Deel dinge wat belangrik is vir julle -insluitende om 'n vriend van Jesus te wees
10. Wees daar vir jou vriend

Kinders kry nou "sticky notes" of stukkies "masking tape". Hulle skryf op die "sticky notes" eienskappe wat hulle graag sou wou hê om 'n goeie vriend te kan wees. Bg. plakkate kan hul daarmee help. Dan plak hul dit op hulself vas om hulle daaraan te herinner om "a friend that sticks to the end" te wees, soos wat Dawid en Jonatan was!